Bekostigbare voordele vir jou werknemers

Een van die voorvereistes vir die skepping van volgehoue welvaart in enige onderneming is dat daar 'n gesonde finansiële beplanningstruktuur ontplooi moet word.

Benewens die eiesoortige finansiële behoeftes van 'n besigheid en die eienaar moet daar ook omgesien word na die finansiële behoeftes van die onderneming se werknemers: diegene wat 'n onmisbare rol speel in die skepping van welvaart vir die onderneming. Met Old Mutual se Easy Benefit Plan kan werknemers se finansiële behoeftes daadwerklik aangespreek word. Die Easy Benefit Plan is 'n koste-doeltreffende pakket met omvattende finansiële voordele, wat spesiaal vir kleiner ondernemings ontwikkel is.

"Hierdie eenvoudige pakket met personeelvoordele kan jou onderneming help om bekwame personeel te werf: personeel wat in die verlede straks opgeraap is deur maatskappye met beter voordele vir hul personeel," reken Riana Grobler, senior bemarkingskonsultant by Old Mutual Korporatief.

Die Easy Benefit Plan bied werknemervoordele soos lewens- en ongeskiktheidsdekking, begrafnisdekking vir die werknemer en sy familie terwyl dit ook aan personeel die geleentheid bied om vir hul aftrede te spaar – en dit sonder enige mediese onderskrywing.

Die Easy Benefit Plan is maklik om te koop, te aktiveer en te administreer. Voorts, ontvang jou onderneming deurlopende ondersteuning, asook gratis toegang tot advies van 'n webtuistediens oor werknemerswetgewing.

Ten einde vir die Easy Benefit Plan te kwalifiseer moet jou onderneming:

- Vyf of meer personeellede in diens hê;
- Toegang tot die Internet hê;
- Beskik oor 'n geakkrediteerde betalingstelsel of Microsoft Excel op jou rekenaar geïnstalleer.

"Die Easy Benefit Plan is ontwikkel deur 'n organisasie wat die eiesoortige finansiële behoeftes van kleiner ondernemings begryp. Met hierdie pakket sal jy jou lewe baie makliker maak, baie druk van jou onderneming verwyder asook werklik waarde toevoeg tot jou waardevolste bate – jou personeel," het Grobler bygevoeg.

Old Mutual Korporatief het 'n reeks nommerpas aftree-oplossings wat vir jou onderneming toegang bied tot bestaande aftreefondse asook risikovoordele. Old Mutual se Easy Benefit Plan is 'n omvattende bekostigbare oplossing geskik vir klein ondernemings, wat insluit spaar vir aftrede, lewens- asook ongeskiktheidsdekking asook familie begrafnisvoordele vir sowel die eienaar as sy/haar werknemers.

Riana Grobler
senior bemarkings-
konsultant

Vir nader inligting oor Old Mutual se sambreelfondse, gesels met jou finansiële adviseur, of kontak Ilze Nortje by (012) 366 1204 of per epos aan inortje@oldmutual.com of stuur 'n epos aan Riana Grobler by rgrobler@oldmutual.com
www.oldmutual.co.za/superfund

do great things

OLD MUTUAL
Corporate

Licensed Financial Services Provider